

18

HERSIENING

Ek onthou wat ek geleer het

VOORAF

Reël dat die kinders 'n piekniekpakkie met koeldrank en lekkernye van hul eie keuse saambring, sodat hulle na die les kan saamkuier.

AANBIEDING

Jy het nodig

- 'n Flits.
- Prestik.
- Vier prente – jy kan ook op jou rekenaar daarvoor gaan soek.
 - Storm op die see.
 - Bejaarde mense.
 - Skaapwagter met 'n skaap of lam op sy skouer.
 - Visserman.

KOM ONS BEGIN

Sing Gesang 543 of gebruik dit as gebed.

*Here Jesus, ek is klein,
maak U self my lewe rein.
Laat ek altyd van U leer;
laat ek grootword tot u eer.
O Jesus, neem my,
o Jesus, lei my,
o Jesus, sterk my
en vorm my tot u eer. Amen.*

IETS OM TE DOEN

- Wys die prent van die storm op die see en plak dit dan teen die bord vas. Vra die volgende vrae en help reg waar nodig:
 - o Wie was op die boot op die see van Galilea toe hierdie storm uitbreek het? (*Jesus en sy dissipels.*)
 - o Na wie het die dissipels geroep toe hulle baie bang geword het? (*Jesus.*)
 - o Wat het Jesus vir die storm gesê? (*Om te bedaar.*)
 - o Wanneer moet ons op Jesus vertrou? (*In goeie en in slegte tye.*)
- Wys die prent van bejaardes en plak dit dan teen die bord vas. Vra die volgende vrae en help reg waar nodig:
 - o Aan wie laat hierdie prent julle dink? (*Aan Oupa en Ouma, ensovoorts.*)
 - o Hoe voel jy as jy aan Oupa en Ouma dink? (*Ek voel bly, ek is lief vir hulle, ek wil graag by hulle wees/kuier, ensovoorts.*)
 - o Hoe moet jy optree teenoor ouer mense? (*Ek moet hulle respekteer, help en spesiaal laat voel.*)
 - o Wat doen oupas en oumas, pa's en ma's, en van wie leer hulle ons? (*Hulle leer ons van die Here en hulle sorg vir ons.*)
- Wys die prent van die skaapwagter en plak dit dan op die bord. Vra die volgende vrae en help reg waar nodig:
 - o Aan watter gelykenis laat hierdie prent jou dink? (*Die gelykenis van die verlore skaap.*)
 - o Wat is 'n gelykenis? (*Dit is 'n storie of verhaal wat Jesus vertel het. Hy het voorbeelde uit die alledaagse lewe gebruik. So het Hy dan aan die mense verduidelik wat God se wil is.*)
 - o Wat wil God ons leer met hierdie gelykenis? (*God wil nie hê ons moet verkeerde dinge doen en van Hom af wegdwaal nie. As dit dalk gebeur, sal Hy ons soek en weer terugbring na Hom toe. God vergewe ons as ons foute maak.*)
- Haal die flits uit. Skakel dit aan en beweeg dit oor die kinders en oor die bord, dak en mure. Hulle sal die lig met hul oë volg. Vra hulle waarom hulle opgekyk en rondgekyk het. (*Ons het die lig gevolg, ons het gedink daar is dalk iets besonders wat ons moet sien, ensovoorts.*)
- Sing VONKK-lied 82: 1.

*Laat ons skyn vir Jesus met 'n helder glans.
Skitter soos die sterre in die hemel saans.
In die donker wêreld waar die lig verdwyn –
skyn daar met jou liggie al is dit klein.*

- Vra die volgende vrae en help reg waar nodig:
 - o Van wie weet jy in die Bybel op wie 'n helder lig geskyn het? (*Paulus.*)
 - o Waarheen was hy op pad toe dit gebeur het? (*Damaskus.*)
 - o Wat wou hy gaan doen het? (*Hy wou volgeling van Jesus gaan vang.*)
 - o God verander Paulus se lewe. Wat het Paulus toe gaan doen? (*Sy lig het oor die hele wêreld geskyn toe hy oral van Jesus gaan vertel het.*)
 - o Hoe kan jy jou lig in die wêreld laat skyn? (*Deur dit wat ek doen en sê, deur met my voorbeeld te wys dat ek 'n kind van God is, deur die Here te prys en te dank vir alles wat Hy vir my gee.*)

- Wys die prent van die visserman en plak dit dan op die bord. Vra die volgende vrae en help reg waar nodig:
 - o Watter visserman ken jy wat in die Bybel se tyd gelewe het? (*Simon.*)
 - o Wat is die nuwe naam wat Jesus vir Simon gegee het en wat beteken daardie naam? (*Petrus, en dit beteken rots.*)
 - o Wat het Petrus verkeerd gedoen toe hulle hom vra of hy vir Jesus ken? (*Hy het Jesus verloën deur te sê hy ken Hom nie.*)
 - o Wat het Jesus toe met Petrus gedoen? (*Jesus het Petrus vergewe.*)

BY DIE HUIS

- Herinner hulle om volgende week 'n flits saam te bring, en beslis ook hul Bybels.
- Laat hulle in hul boeke die blokkie met die regte antwoord liggies inkleur met kleurkryt. (Die hersieningsvrae is aan die einde van hierdie les in die kategeet se boek.)
- Laat hulle die vrae en antwoorde leer.
- Laat hulle in hul boeke terugblaai en gaan sekermaak as hulle vasbrand.
- Elke vraag het drie antwoorde: Net een is reg.

AFSLUITING

- Sluit af met die volmaakte gebed wat Jesus vir ons gegee het. Bid almal gelyk hardop saam.

*Ons Vader wat in die hemel is,
 laat u Naam geheilig word;
 laat u koninkryk kom;
 laat u wil ook op die aarde geskied,
 net soos in die hemel.
 Gee ons vandag ons daaglikse brood;
 en vergeef ons ons oortredings
 soos ons ook dié vergewe
 wat teen ons oortree;
 en laat ons nie in versoeking kom nie
 maar verlos ons van die Bose.
 Aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.
 Amen.*

- Verdaag vir 'n piekniek onder 'n koelteboom of op 'n ander geskikte plek.

Belangrik:

- Besluit betyds wie volgende week se faseles aanbied.
- Reël betyds met die predikant om te help met die aanbieding van Les 20.

HERSIENINGSVRAE

1. Saam met wie was Jesus in die skuit op die see van Galilea?

a. Maats	b. Ouers	c. Dissipels
----------	----------	--------------

2. Wie het die storm beveel om te bedaar?

a. Dissipels	b. Jesus	c. Petrus
--------------	----------	-----------

3. Wat sê Spreuke 3: 5? volkome op die Here.

a. Verstaan	b. Vertrou	c. Glo
-------------	------------	--------

4. Wie het vir ons oupas en oumas gegee?

a. Die Here	b. Hulle is sommer net daar	c. My pa
-------------	-----------------------------	----------

5. Hoe moet ek my oupa en oma behandel?

a. Met jammerte	b. Met vrees	c. Met liefde en respek
-----------------	--------------	-------------------------

6. Wat is 'n gelykenis?

a. 'n Feeverhaal van lank gelede	b. 'n Verhaal uit die alledaagse lewe om God se wil te verduidelik	c. 'n Storie uit die Ou Testament
----------------------------------	--------------------------------------------------------------------	-----------------------------------

7. Wat wil God ons leer met die gelykenis van die verlore skaap?

a. God sal my soek en terugbring as ek op die verkeerde pad beland	b. God sal my soek en dan straf	c. God sal my verlaat
--------------------------------------------------------------------	---------------------------------	-----------------------

8. Wat doen die Here as ons sê ons is jammer?

a. Hy jaag ons weg	b. Hy sê ons moet self regmaak	c. Hy vergewe ons
--------------------	--------------------------------	-------------------

9. Wat sê Psalm 23: 1? *Die Here is my*

a. Verlosser	b. Herder	c. God
--------------	-----------	--------

10. Paulus se lewe is deur God verander toe hy op pad was na toe.

a. Galilea	b. Betlehem	c. Damaskus
------------	-------------	-------------

11. Daarna het Paulus se lewe getuig van

a. Lig	b. Donker	c. Skemer
--------	-----------	-----------

12. Hoekom moet ons goeie werke doen en ander mense van Jesus vertel?

a. Uit vrees	b. Uit dankbaarheid	c. Uit vertroue
--------------	---------------------	-----------------

13. Wat beteken die naam Petrus?

a. Klippe	b. Sement	c. Rots
-----------	-----------	---------

14. Petrus was nie meer 'n gewone visserman nadat Jesus sy lewe verander het nie, maar 'n visser van

a. Mense	b. Bejaardes	c. Kleuters
----------	--------------	-------------

15. God neem my sonde weg deur Jesus Christus en maak van my 'n

a. Gemeentelid	b. Kategeet	c. Nuwe mens
----------------	-------------	--------------

Sien volgende keer die antwoorde na en vra vrae om te kyk of hulle die regte antwoorde ken.